

Die Paasfees!



Open 5:5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu (Jesus) wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.
Jes 53:7; **soos 'n lam (Jesus) wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders**—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Die Joodse Paasfees:

Paasfees! Die eerste van die drie groot jaarlikse feeste van die Israëliete, gehou van die 14de tot die 21ste in die maand Nisan (Maart/April) , gevolg deur die fees van die ongesuurde brode.

Exo 12:3 Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand **moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.**

Exo 12:5 Julle moet **'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie.** Van die skape of van die bokke kan julle dit neem.

Exo 12:6 En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.

Exo 12:7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.

Exo 12:8 En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.

Exo 12:9 Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.

Exo 12:10 Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand.

Exo 12:11 En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; **baie haastig moet julle dit eet. 'n Pasma van die HERE is dit.**

Exo 12:12 Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE.

Exo 12:13 Maar **die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is:** as Ek die bloed sien, sal Ek by julle

verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

Exo 12:14 **En hierdie dag moet vir julle ‘n gedenkdag wees, en julle moet dit as ‘n fees tot eer van die HERE vier. Julle moet dit in julle geslagte as ‘n ewige insetting vier.**

Exo 12:15 Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word.

Hierdie fees was deur God ingestel om die verlossing van Israel uit Egiptiese slawerny te herdenk, asook die feit dat hul eersgeborenes gespaar was toe die Here die Egiptenare gedood het.

Die Paasfees is **‘n tipe van die groot verlossingswerk van Christus**. Ons vrymaking van die slawerny van sonde. Die ontvlugting van die straf wat ons verdien vir ons sonde, deurdat ons die bloed-offer van Christus in die geloof aanvaar.

Die Paaslam is simbolies van Christus, die “Lam van God”.

Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

1Kor 5:7 Suiwer **dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg** kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

Christus se kruisiging het plaasgevind op ongeveer dieselfde tyd dat die paaslam geslag is; In dieselfde seisoen; Op dieselfde tyd van die dag as die daaglikse offer by die tempel. Die kruisiging het begin teen die tyd van die môre-offer (9vm) en geëindig teen die tyd van die aand-offer (3nm).

Die lam was ook die simbool van eenheid— eenheid van die familie; eenheid van die nasie, die volk van God. Daarom moes die lam heel oor die vuur gebraai word.

Num 9:12 Hulle moet daarvan niks laat oorbly tot die môre toe of ‘n been daaraan breek nie; volgens die hele insetting van die pasga moet hulle dit hou.

Psa 34:21 Sjin. Hy bewaar al sy (Jesus) bene: nie een daarvan word gebreek nie. (1,000 jaar V.C.)

Ons moet ook ons Paaslam “eet” met bitter kruie, - die bitter kruie van belydenis van ons sondes met berou. Bitter kruie simboliseer Israel se bittere lyding in Egipte, asook ons bittere berou oor ons sonde.

Luk 22:62 En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween.

Geen onbesnedene was toegelaat om deel te hê aan die Paasfees nie.

Exo 12:48 Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.

Kol 2:11 in wie julle ook **besny is met ‘n besnydenis wat nie** met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,

Kol 2:12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.

Kol 2:13 En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,

Met elkeen se lendene omgord, staf in die hand, en skoene aan die voete het hulle inderhaas geëet, gereed om onmiddellik te vertrek. Ons moet ook elke oomblik gereed wees om te vertrek sodra ons Bruidegom op die wolke verskyn om ons te kom haal.

1Pet 2:11 Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel;

Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.

Luk 12:36 En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop.

Luk 12:37 Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer waker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

Efes 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Suurdeeg is 'n tipe van *verdorwenheid*, daarom word dit by alle offers uitgesluit. Dit simboliseer ook *skynheiligheid* en *valse leerstellings*. Die fees van ongesuurde brode van sewe dae, is om te wys hulle wandel in die krag van die suiwer brood van 'n nuwe lewe, in gemeenskap met Jehova.

Die bloed wat aan die deurposte gesmeer was met 'n bossie hisop, was 'n sakramentele waarborg dat God in sy wraak, by die Israëliete sal verbygaan en hulle eersgeborenes spaar.

Exo 12:7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.

Exo 12:22 **En neem 'n bossie hisop** en steek dit in die bloed wat in die skottel is, en stryk aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is. Maar niemand van julle mag uit die deur van sy huis uitgaan tot die môre toe nie.



PAASFEES:

Mat 26:1 En toe Jesus al hierdie woorde geëindig het, sê Hy vir sy dissipels:

Mat 26:2 Julle weet dat oor twee dae die pasga kom, dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word.

DIE VERRAAIER

Mat 26:14 Toe gaan een van die twaalf, met die naam van Judas Iskariot, na die owerpriesters

Mat 26:15 en sê: Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke (R6.00) afgeweeg.

Sagaria het reeds 500 jaar voor Christus, voorspel dat Jesus vir die belaglike bedrag van 30 silwerstukke (R6.00) verrraai sou word.

Sag 11:13 Hierop sê die HERE vir my: Gooi dit vir die pottebakker— die heerlike prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is! En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die HERE vir die pottebakker gegooi.

Judas Iskariot het Jesus vir die prys van 'n BESEERDE SLAAF verkwansel!!

Exo 21:32 **As die bees 'n slaaf of slavin stoot, moet hy aan hulle heer dertig sikkels silwer gee, en die bees moet gestenig word.**

GETSÉMANE:

Getsémane beteken olyfpers, OOK parsing. Nadat Jesus die pasga met sy dissipels in die bovertrek gevier het, het hulle na die tuin, Getsémane, aan die voet van die Olyfberg gegaan om te bid.

Mat 26:30 En nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg.

Mat 26:36 **Toe kom Jesus met hulle in 'n plek met die naam van Getsémané, en Hy sê vir die dissipels: Sit hier onderwyl Ek daar**

gaan bid.

Mat 26:37 En Hy neem Petrus en die twee seuns van Sebedéüs saam en begin bedroef en benoud word.

Mat 26:38 Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.

Mat 26:39 En **Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig** geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Mat 26:40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?

Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Mat 26:42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.

Mat 26:43 Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar.

Mat 26:44 En Hy het hulle met rus gelaat en weer vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê.

Mat 26:45 Daarop kom Hy by sy dissipels en sê vir hulle: Slaap maar voort en rus. Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorlewer in die hande van sondaars.

Mat 26:46 Staan op, laat ons gaan; kyk, hy is naby wat My verrai.

Mat 26:47 En terwyl Hy nog spreek, daar kom Judas, een van die **twaalf, en saam met hom 'n groot menigte met swaarde en stokke**, gestuur deur die owerpriesters en ouderlinge van die volk.

Mat 26:48 **En sy verraaier het vir hulle 'n teken gegee en gesê: Die** een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom!

Mat 26:49 En dadelik gaan hy na Jesus en sê: Gegroet, Rabbi! en hy het Hom gesoen.

DIE VERHOOR:

Die Sanhedrin was nie net die godsdienstige leiers van Israel nie, hulle was ook die hoogeregshof van die Jode. Die raad

het bestaan uit 71 lede, waaronder Skrifgeleerdes, Fariseërs, Sadduseërs en Ouderlinge. Die hoëpriester het as voorsitter opgetree. Hulle was onderworpe aan baie streng reëls, en kon geen kriminele sake gedurende die Paasfees aanhoor nie. Eintlik **kon 'n saak slegs** afgehandel word, op die aanvangsdag van die Paasfees, indien die aangeklaagde onskuldig bevind was. Met die verhoor van Jesus Christus, is al hierdie reëls egter verbreek.

Die verhoor van Jesus het uit drie dele bestaan. Die eerste deel het plaasgevind gedurende die nag, en na midernag, in die huis van die hoëpriester, Kajafas.

Mat 26:57 En die wat Jesus gevange geneem het, het Hom weggelei na Kájafas, die hoëpriester, waar die skrifgeleerdes en die ouderlinge vergader het.

Vroeg die volgende oggend het die tweede deel, voor die Sanhedrin, plaasgevind.

Luk 22:66 En toe dit dag word, het die oudstes van die volk—die owerpriesters en skrifgeleerdes—vergader en Hom voor hulle Raad gebring

Die derde deel het, net voor die kruisiging, voor Pilatus en Herodus plaasgevind.

Mar 15:1 En dadelik, vroeg in die môre, het die owerpriesters saam **met die ouderlinge en skrifgeleerdes en die hele Raad 'n besluit** geneem; en nadat hulle Jesus geboei het, het hulle Hom weggelei en aan Pilatus oorgelewer.

Luk 23:7 En nadat hy (Pilatus) verneem het dat Hy uit die magsgebied van Herodes was, stuur hy Hom (Jesus) na Herodes wat self ook in daardie dae in Jerusalem was.

Uit Mar 14:55 is dit baie duidelik dat die owerpriesters en die Joodse raad getuienis teen Jesus gesoek het om Hom dood te maak. **“En die owerpriesters en die hele Raad het**

getuienis teen Jesus gesoek om Hom dood te maak, en **hulle het niks gevind nie**”

Net soos die paaslam vir drie dae deeglik ondersoek moes word vir enige gebrek, is Jesus by hierdie drie ondersoeke **intensief ondervra en ondersoek om ‘n rede vir Sy kruisiging te vind**, maar daar was geen fout of gebrek by Hom te vinde nie. Nogtans het hulle Hom gekruisig, omdat Hy die WAARHEID gepraat het en erken het dat Hy die SEUN van GOD is.

Mar 14:61 Maar Hy het stilgebly en geen antwoord gegee nie. Weer stel die hoëpriester Hom die vraag en sê vir Hom: Is U die Christus, die Seun van die geseënde God?

Mar 14:62 En Jesus sê: Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel.

Mar 14:63 Toe skeur die hoëpriester sy klere en sê: Wat het ons nog getuies nodig!

DIE GESELING:

‘n Wrede straf wat baie laat sterf het. Die hande word bokant die kop vasgemaak. ‘n Sweep of kats word geneem en die liggaam 39 houe toegedien. Twee derdes op die rug, d.w.s. 26 houe en een derde op die bors, d.w.s. 13 houe. Volgens wet mag nie meer as 40 houe toegedien word nie. Om die verbreking van die wet te voorkom is op 39 houe **besluit**. ‘n Sweep was gebruik, met nege leerstange, vol stuk-kies glas, been, klip en yster vasgeveg.

Met ander woorde elke enkele hou was eintlik nege houe. Nege-entertig maal nege is gelyk aan driehonderd een-en-vyftig geselhoue. Sy liggaam was onherkenbaar vermink.

Psa 129:3 (1,000 vC.) Ploëers het op my rug geploeg; hulle het hul vore lank getrek.

Geliefdes, **Sy rug het werklik soos ‘n omgeploegde land** gelyk.

DIE DORINGKROON:

‘n Kroon van dorings is op Sy hoof geplaas. Dit was nie net een enkele ry **dorings nie**. **Dit was gevleg in die vorm van** ‘n mus of kappie wat oor die hele kopvel getrek was. Dit was gemaak van Christusdorings - lang **dorings met weerhake soos** ‘n vishoek. As dit ingesteeek was, haak dit vas en kan nie weer uitgetrek word nie. Hierdie kroon het self ‘n wrede marteling ingehou.

DIE KRUISIGING:

Jesus moes, met hierdie verminkte liggaam, sy kruis van ongeveer 75kg teen die heuwel van Golgota uitdra, maar omdat Sy liggaam waarskynlik al baie verswak het as gevolg van die geweldige bloedverlies en pyn, was Simon van Ciréne beveel om die kruis verder te dra..

Jes 53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos ‘n lam wat **na die slagplek gelei word en soos** ‘n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Enige gekruisigde was vervloek - en moes voor sonder van die kruis verwyder word sodat die vloek nie na die land terugkeer nie.



Gal 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir **ons** ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: **Vervloek is elkeen wat aan** ‘n hout hang—

Indien enige gekruisigde teen kort voor sonder nog geleef het, het die **wrede Romeinse soldate** ‘n yster-koevoet geneem en die bene net onder die knieë afgeslaan. Die gekruisigde kon dus nie meer onder op die voetstuk vastrap om asem te haal nie en het spoedig versmoor. Toe hulle by Jesus kom, was Hy alreeds dood en dit was dus nie nodig om Sy bene te breek nie.

Psa 34:21 Sjin. Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie. (1,000 jaar V.C.)

Joh 19:32 Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was;

Joh 19:33 maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie.

Dierbares, dit is hoe lief Jesus ons het. Hy het gesterwe sodat ons kan lewe tot in alle ewigheid!

Jes. 52:14 Soos baie hulle oor U verstom het—so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos **dié van** ‘n mensekind nie— Hy was onherkenbaar vermink.

Jes 50:6 Ek het my rug gegee vir die wat slaan, en my wange vir die wat die hare uitpluk; my aangesig het Ek nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie. Wreed was Sy baard uit Sy wange geskeur.

Luk 22:63 En die manne wat Jesus gevange gehou het, het Hom bespot en geslaan.

Luk 22:64 En hulle het Hom geblinddoek en Hom in die aangesig geslaan en Hom gevra en gesê: Profeteer wie dit is wat U geslaan het.

DIE SEWE KRUISWOORDE:

Jesus het vir ses ure an die kruis gehang. Mar 15:25 Leer ons: “En dit was die derde uur **toe hulle Hom gekruisig het.**” Dit beteken dit was nege uur in die oggend. Die sesde uur was 12 uur die middag en die negende uur was 3uur in die middag. Hierdie periode van 6 ure kan ons in twee verdeel. Ons lees in **Luk 23:44** “En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis oor die **hele aarde gekom tot die negende uur toe;**” Met ander woorde, die eerste helfte was gedurende die daglig en die tweede helfte gedurende die duisternis. Gedurende hierdie ses ure het Jesus sewe kruiswoorde gespreek. Drie van dit gedurende die eerste helfte en vier gedurende die tweede helfte. Elkeen van die sewe

kruiswoorde hou verband met een van die sewe milleniums. ['n Millenium is een duisend jaar.]

Vanaf die skepping tot die kruisiging het vier duisend jaar verloop. Vanaf die kruisiging tot nou toe het nog twee duisend jaar verloop. Daar bly dus nog een millenium oor - die duisendjarige vrederyk, of die sewende dag van God.

Die Evolusie-leer van miljoene jare is teenstrydig met die Woord van God.

Die sewe kruiswoorde en die sewe milleniums is dus simbolies van die Minora [Kandelaar] met sewe lampe. Die middelste lamp is 'n sinnebeeld van Jesus wat die ses sylampe voed met olie.

Openb 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van **die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel**

Die eerste kruiswoorde:

Hierdie woorde is 'n gebed vir die mense wat Hom gekruisig en gemartel het.

Luk 23:34 En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daarvoor gewerp.

Jes 53:12 **Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.**

Adam en Eva wat in die tuin van Eden voor die sonde geval het. Die eerste Milenium!

Die tweede kruiswoorde:

Reeds aan die kruis het Hy genade betoon, aan die misdadiger wat in Hom geglo het en gevra het dat Hy aan hom moes dink.

Luk 23:42 En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.

Luk 23:43 En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.

Noag: Toe God die sonde van die aarde, die eerste tuin, in die vloed weggewas het en vir Noag en sy familie opnuut 'n kans gegee het om Hom te dien en te aanbid. Die tweede Milenium!

Die derde kruiswoorde:

Hier het Jesus sy geliefde dissipel en Sy moeder aangespreek.

Joh 19:26 En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, dáár is u seun!

Joh 19:27 Daarop sê Hy vir die dissipel: Dáár is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem.

Waar die Here die Wet aan die volk Israel gegee het, en Sy verbond met hulle gesluit het. Die vrou en die seun is albei sinnebeelde van Israel. En by Sinai het Israel God se vrou geword. Die derde Milenium!

Die vierde kruiswoorde:

Dit was Christus se oomblik van volkome verlatenheid. Maar selfs in die oomblik van Sy diepste angs het die geskrewe Woord nie uit Sy mond gewyk nie.

Mar 15:34 En die negende uur **het Jesus met 'n groot stem uitgeroep** en gesê: Eloï, Eloï, Iamma sabagtáni? wat, as dit vertaal word, beteken: My God, my God, waarom het U My ver-

laat?

Psa 22:1 Vir die musiekleier; op die wysie van: "Die hert van die **dageraad.**" **'n Psalm van Dawid.**

Psa 22:2 My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul? (1,000 jaar V.C.)

Daardie drie donker ure verteenwoordig ook drie duisend jaar van duisternis in Israel, ingelei met die skeuring van Salomo se ryk na sy dood.

Om drie uur het die son weer begin skyn: "n Profesie dat die lig van Christus in die sewende millenium na die aarde sal terugkeer.

[Ongeveer 40NC het die middelste lamp van die Minora in die Tempel net geflikker en uitgedoof, en kon nooit weer brand nie = Jesus wat hulle verwerp en gekruisig het.] Die vierde Milenium!

Die vyfde kruiswoorde:

Jesus het aan die begin die verdowende drank wat hulle gewoonlik aan kruiselingee gee, geweier, [Mat 27:34 en vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie.] maar op hierdie tydstip was die foltering byna te veel vir Hom, en Hy sê: **"Ek het dors!"**

Joh 19:28 Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was—sodat die Skrif vervul sou word—het Jesus gesê: Ek het dors!

Psa 69:22 En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink.

Die Vyfde en Sesde Milleniums:

Die twee milleniums vanaf die kruisiging is die tydperk van genade. Die kerk-tydperk, vanaf die geboorte van die kerk tot en met die wegraping. Ook bekend as die vyfde- en sesde dag van God.

Jes 55:1 o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!

Die sesde kruiswoorde:

Dit was 'n oorwinningskreet!!! Volbring beteken—vervul, voltooi, uitgevoer, afgehandel!!! Dit dui op die wederkoms aan die einde van die sesde millenium.

Joh 19:30 En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.

Heb 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

Kol 2:15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

Die sewende kruiswoorde:

Hierdie woorde was nie die swak fluistering van 'n sterwende mens nie, maar die triomfantlike uitroep **van 'n oorwinnaar**, die Goeie Herder wat Sy lewe vir Sy skape afgelê het.

Luk 23:46 **En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê:** Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.

Psa 31:6 In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE, God van trou.

Aan die einde van die sewende millenium sal Hy alles aan die voete van God, Sy Vader, neerlê.

1 Kor 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

Jesus het altesaam 55 woorde aan die kruis gepraat.

Niemand kon Sy lewe van Hom afneem nie, Hy het dit self afgelê!

Joh 10:17 Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.

Joh 10:18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

DIE HEDENDAAGSE PAASFEES:

Paasfees is 'n tydperk waarna miljoene mense oor die wêreld elke jaar uitsien. Baie mense het hul eie sienswyse in dié verband. Vir die navolgers van Jesus Christus is dit die herdenking van sy kruisdood en **opstanding**. **Hy het 'n versoening bewerkstellig en 'n ewige lewe teweeg gebring.**

HEIDENSE GEBRUIKE:

DIE PAAS-EIER:

Dit **was vir die Babiloniërs** 'n heilige simbool.

Hulle **het geglo dat daar op 'n bepaalde dag**, 'n reuse eier uit die hemel in die Euftratrivier geval het, en dat die godin Astarte daaruit te voorskyn **gekom het**. **Die paaseier is 'n simbool van haar verskyning**. In **China is gekleurde eiers gereeld met feeste gebruik**. Ook 'n simbool van die lentegodin.

Die Egiptenare het die paaseier met die son geasosiëer. Met helder-kleurige **eiers, heilige "offer eiers"** wat paastyd gebring was.

ENCYCLOPEDIA BRITANNICA

Die **eier is 'n simbool van vrugbaarheid en nuwe lewe.**



Vir die sogenaamde, vleeslike Christene simboliseer die paas eier glo - soos **die kuikentjie uit die dop so is Jesus uit die graf. Wat 'n klug!!!**

DIE PAASHAAS:

'n Heidense simbool van vrugbaarheid. {Teel aan soos konyne.}
Dit word ook met die maan geasosiëer. {Die haas in die maan.}



DIE PAASEIER EN DIE PAASHAAS IS SEKSUELE SIMBOLE VAN VRUGBAARHEID.

Laat ons onself dus nie vereenselwig met hierdie heidense simbole nie.

Die Humaniste ontken sy maagdelike geboorte, kruisiging, opstanding, hemelvaart en sy spoedige terugkoms. MAAR: Die Woord van God bly ewig waar!

Kom ons onthou waaroor dit werklik gaan!!!!

DIE FUNKSIE VAN DIE BLOED

Lev 17:11 Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.

DIE FUNKSIES VAN JESUS SE BLOED:

1. Skenk vergifnis van sonde:

Mat 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

2. Lewegewende funksie:

Joh 6:53 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed

drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.

3. Versoerende funksie:

Rom 3:25 Hom(Christus Jesus) het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God

2Kor 5:18 En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,

2Kor 5:19 naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

4. Vrede-bringende funksie:

Kol 1:20 en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis- ek sê deur Hom—die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.

5. Regverdigmakende funksie:

Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.

6. Verlossende funksie:

Efes 1:7 In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,

Kol 1:14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

Heb 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweegbring.

7. Heiligmakende funksie:

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Heb 13:12 Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.

8. Reinigende funksie:

Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

1Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

9. Aantrekkende funksie:

Efes 2:13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.

10. Toenaderende funksie:

Heb 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus

11. Wassende funksie:

Openb 1:5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed



12. Kopende funksie:

Openb 5:9 **Toe sing hulle** ‘n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,

13. Bleikende funksie:

Openb 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.

14. Verenigende funksie:

Joh 6:56 Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.

15. Oorwinnende funksie:

Openb 12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

16. Genesende funksie:

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (wonde wat gebloei het.)

17. Beskermende funksie:

Exo 12:13 Maar **die bloed sal vir julle** ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees

wanneer Ek Egipteland tref nie.

Exo 12:23 Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.

18. Die Betroubaarste getuie op aarde:

1Joh 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.

Jesus se bloed beteken vir ons ontsettend baie, MAAR ons mag NOOIT meer waarde heg aan die bloed van Jesus, as aan Jesus self nie. Onthou Jesus is die tweede persoon in die Godheid en sonder HOM kon Sy bloed nie daar ge-wees het nie.

DIE BLOEDLYN:

Alle mense is verwant deur die sondige en besmette bloed van Adam en dood in die oortredinge en sonde.

Hand 17:26 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het,

Alle mense **het 'n gemeenskaplike oorsprong in Adam. Dit is Adam se bloed wat in elke mens se are vloei (Nie Eva s'n nie.)** Hierdie bloed dra die doodvonnis deur Adam se sonde en om hierdie rede sterf alle mense sonder enige **uitsondering 'n gemeenskaplike dood.** U moet onthou dat die lewe in die bloed is en daarom, as enige mens móét sterf, is dit omdat daar ook DOOD in die bloed is.

Gen 3:3 maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit

nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.

Wat ook al die vrugte van die “Boom van kennis van goed en kwaad” was, weet ons dat die eet daarvan bloedvergiftiging en die dood veroorsaak het.

Die asem van God het iets in die mens geplaas wat hom lewendig gemaak het, en hierdie iets was bloed.

Toe die mens geëet het van die boom van die kennis van goed en kwaad, het hy gesterwe, **GEESTELIK GESTERWE!!!** Sonde het iets laat gebeur in die bloed van die mens. Die sondige natuur word oorgedra deur die bloed. Daarom moes die versoeningsoffer vir die mens se sondes geskied deur **SONDELOSE BLOED**. Dit moes iemand wees van die menslike ras wat onaangeraak is deur Adam se sonde.

Van Adam af probeer die mens om homself te red deur die werk van sy eie hande en die kledingstukke van sy eie fabrikasie. En so weef ons die deurskynende kledingstukke van moraliteit, kultuur, **goeie werke en die werke van die wet, godsdiens, en 'n sosiale evangelie om ons 'naaktheid' te bedek.**

Gen 3:21 En die **HERE** God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek. Let wel!!! God het die rokke van velle gemaak!!! Saligheid kan alleenlik van die Here kom. Dit moes geskied deur die dood **van 'n onskuldige plaasvervanger. 'n Dier moes eers sterf om** hierdie bedekking te voorsien. Sonder bloedvergieting is daar geen vergifnis van sonde nie. Dis die bloed wat versoening doen vir die sonde.

1Joh 1:7; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

Die maagdelike geboorte van Christus het 'n noodsaaklikheid geword weens die feit dat die sonde in die bloed is, en dat Christus 'n seun van Adam moes wees **en terselfdertyd ook 'n son-**

delose man. Om hierdie rede kon Christus deel hê aan Adam se vlees [wat geheel en al deurtrokke was met sonde]. God het 'n weg gevind waardeur Christus, **“gebore uit 'n vrou”** (nie 'n man nie), 'n volmaakte mens was, maar nie in Adam se sonde gedeel het nie, aangesien Hy geen druppel bloed van Adam in Sy are gehad het nie.

DIE MAAGDELIKE GEBOORTE:

Die Bybel leer duidelik dat die Here Jesus ontvang was in die baarmoeder van 'n maagdlike Joodse moeder deur die bo-natuurlike inseminering van die Heilige Gees, totaal onafhanklik van die toedoen van enige aardse vader.

Mat 1:20, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees;

Die Bybel leer ons ook dat Jesus 'n sondelose man was. Terwyl al die mense van Adam se tyd af tot nou toe, met Adam se sondige natuur in hulle gebore is. Daarom is almal onderworpe aan die vloek van sonde en die ewige dood.

Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God,

Omdat Jesus sonder sonde was, was Hy onsterflik, tot Hy ander se sonde op Hom geneem en in HULLE plek gesterf het. Hoewel Jesus uit Adam se geslag was, het Hy nie deur die vlees Adam se sondige natuur geërf nie. Dit bewys dus dat die sonde nie deur die vlees oorgedra word nie. Dit word deur die bloed oorgedra, en hoewel Jesus Sy liggaam uit 'n sondige geslag ontvang het, was daar geen druppel sondige bloed in Sy are nie.

Die bloed in die are van die ongeboore baba, word nie van die moeder verkry nie, maar spuit voort uit die liggaam van die ongeboore baba self, slegs na die toetrede van die manlike sperma.

Ons haal aan uit "Williams Practice of Obstetrics, Third Edition," BI 133

"Die bevrugte bloed in die vate van die chorioniese villae KOM TE GENER TYD MET DIE MOEDERLIKE BLOED in die tussen papillêre spasies IN AANRAK-ING NIE, want hulle is GESKEI VAN MEKAAR deur die dubbele laag van chorioniese epiteel."

BI 136

"Daar is normaalweg geen kommunikasie tussen die bevrugte bloed en die moederlike bloed nie."

GOD SE WONDERBAARLIKE VOORSIENING:

God het aan die begin reeds voorbereidings getref vir die maagdelike geboorte van Sy Seun. Hy het die vrou so gemaak dat daar geen bloed van haar na haar baba kan oorgaan nie.

Die man is die verskaffer van die bloed. Adam, die hoof van die menslike ras, se bloed dra sy sondige natuur oor. God moes dus 'n sondelose man produseer, wat nogtans 'n seun van Adam is, en 'n weg voorsien waardeur daardie man 'n menslike liggaam uit Adam kon hê, maar tog nie 'n enkele druppel van Adam se sondige bloed nie.

Die enigste uitweg waarlangs 'n maagdelike geboorte kon plaasvind, was dus "Konsepsie deur die Heilige Gees". Maria het Jesus se liggaam voorsien en Hy het die "saad van Dawid volgens die vlees" geword. Die bloed van Jesus is deur die Heilige Gees bygedra. Dit was sondelose bloed, Goddelike bloed, Kosbare bloed, want daar was nooit weer soortgelyke bloed nie.

DIT WAS ONSKULDIGE BLOED:

Judas het gesê: " Ek het gesondig deur onskuldige bloed te ver-raai. " Mat 27:4

ONBEDERFBARE BLOED:

Sonde het die menslike bloed bederfbaar gemaak. Ontbinding begin kort na die dood, IN DIE BLOED. Daarom moet al die bloed uit vleis gehaal word. Lev 17:14 ": Julle mag die bloed van enige vleis nie eet nie," Dis ook daarom dat lyksbesorgers balsem in die bloed plaas. Omdat Jesus sondeloos was, het Sy liggaam nie bederf nie, al was Hy reeds drie dae en drie nagte dood.

Joh 10:17 Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.

Joh 10:18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

In Lasarus se geval was dit egter baie anders:

Joh 11:39 Jesus sê: Neem die steen weg. Martha, die suster van die oorledene, sê vir Hom: Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood. (Bederfbare bloed)

Goddellike Skeikunde:

Open 1:5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed

Open 7:14: **Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.**

Hier is voorwaar ‘n wonder van Goddellike skeikunde....! Probeer tog om u klere in die bloed van ‘n mens wit te was. Dit is onmoontlik, maar in God se chemiese laboratorium van verlossing is ‘n weg gevind om alle ‘vullis’ en ‘vlekke’ weg te was, deur dit te was in die bloed van die Lam. Sy sondelose, bonatuurlike bloed alleen kan dit doen!!!!

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

